## HANS DONS DE LANGE — SKULDIG OF ONSKULDIG?

Meer as 'n eeu ná sy teregstelling in Natal in 1861 weens moord, is daar nog verdeeldheid oor die vraag of die Voortrekker Johannes Hendrik de Lange, beter bekend as Hans Dons, wel moord gepleeg het. Die verdeeldheid het al ten tye van die hofsaak en teregstelling op Ladysmith bestaan. In een stadium die afgelope dertigtal jare het die vraag oor sy skuld of onskuld selfs 'n politieke kleur gekry, met groeps-aanhangers en -teenstanders van die een of ander kant van die saak.[1] Die jongste poging om uitsluitsel te gee, is afkomstig van 'n Natalse regsgeleerde, mnr. R. P. Pace van Ladysmith; dog sy bevindinge, dat De Lange moord gepleeg en sy verdiende loon gekry het, staan nie op pote nie, want hy het van die belangrikste dokumente, insluitende die stukke van die rondgaande hof, nie geraadpleeg nie.[2]

Die omstandighede wat tot De Lange se arrestasie, skuldigbevinding en teregstelling gelei het, is kortliks die volgende:[3]

Die oggend van 1 Desember 1860 was De Lange se Bantoeplaas-werkers by sy huis op sy plaas Valse Fontein naby die hedendaagse Newcastle byeen om na die plaas van Charles Stretch, veldkornet in die distrik, te gaan om 'n geskil oor 'n bok en 'n grenslyn tussen De Lange en sy buurman, John Adendorff, te besleg. De Lange was die oggend woedend, want hy het pas by sy tuiskoms van 'n besoek aan Zoeloeland verneem dat 'n Bantoe tydens sy afwesigheid by 'n gebou op sy plaas ingebreek het waar 'n Nie-Blanke meisie, blykbaar 'n Kleur-ling, ene Annette, geslaap het. De Lange het haar gelas om die inbreker uit te wys en haar vinger het op Ncatya geval. De Lange het sy ander bediendes gelas om die oortreder vas te vind, maar Ncatya het geweier om hom te laat vasbind. Harde woorde het tussen die twee geval voordat die ses Bantoes, Ncatya inkluis, te voet na veldkornet Stretch vertrek het.

De Lange, gewapen met 'n dubbelloopgeweer en twee pistole, het hulle kort daarna te perd gevolg en by 'n klipkoppie ingehaal waar hy Ncatya gelas het om sy perd vas te hou. Hy het gesê hy gaan bokke skiet en het sy geweer se een loop gelaai. Hy het Ncatya by hom gehou en die ander vyf Bantoes na Stretch aangestuur. Die Bantoes het aangestap en toe hulle uit sig was, het Umthlellamana weggeskram

1. Sien Office File 12/2/5, Natalse Argief. Die inskripsie aangebring deur 'n „dankbare nageslag" op die monument ter ere van De Lange op Ladysmith is 'n slag as 'n flagrante verdraaiing van die feite bestempel met die doel „to indoctrinate the younger generation into the idea of British injustice and to make the English speaking South African ashamed of his British forebears" — sien *The Natal Witness*, 23 Aug. 1955.
2. Pace, R. P.: *Hans Dons De Lange — Martyr or Murderer?* in: *Codicillus*, Vol. XIII, No. 1, Mei 1972. Pace sê dat hy die getuienis in die voor-ondersoek en die rondgaande hof nie kon vergelyk nie „as the record of the proceedings in the Circuit Court could not be traced in the Archives". Die stukke is egter in die Argief, nl. in A.G.O. 1/1/12, waarin 'n groot deel van die getuienis ook voorkom wat in die voorondersoek gelewer is en wat mnr. Pace wel geraadpleeg het.
3. Behalwe waar anders vermeld, word die feitelike besonderhede in die res van dié artikel aan die reekse A.G.O. 1/1/12 en S.C. 11/1/1 in die Natalse Argief ontleen. Dié reekse bevat die hofstukke in die saak.

en 145 tree ver tot op 'n klipkoppie gekruip waarvandaan hy gesien het hoe De Lange Ncatya doodskiet. Hy is toe agter sy makkers aan, wat drie skote hoor val het, en het hulle van die moord verwittig. De Lange het hulle daarna te perd ingehaal en gesê dat Ncatya weggehardloop het. Hy het ontken dat hy Ncatya geskiet het toe hy daarvan beskuldig is. Ná 'n rukkie by die velkornet se huis het De Lange sy Bantoes met 'n ander pad huis toe gestuur as dié waarlangs hulle gekom het. Eers die oggend van die derde dag het Umthlellamana die lyk gaan soek, dit gekry en die veldkornet ontbied. De Lange is deur Bantoepolisie gearresteer en na Ladysmith geneem waar magistraat G. A. Lucas 'n vooronderscek gehou en hom ter strafsitting verwys het. Die jurie van die rondgaande hof het hom aan moord skuldig bevind, maar vergeefs om begenadiging gesmeek. Hy is daarna tereggestel.

Uit 'n ontleding van die verhoor en die redes vir die skuldigbevinding en teregstelling blyk die volgende:

(1) *Gebrekkige besonderhede:* Vandat Umthlellamana, die enigste ooggetuie, sy makkers verlaat en tussen rotse deur tot op die klipkoppie gekruip het, moes 'n goeie paar minute verloop het. In daardie tydsverloop het De Lange en Ncatya agter die klipkoppie om gestap en was hulle nie deurentyd sigbaar van waar Umthlellamana hom bevind het nie.[4] Wat in daardie enkele minute gebeur het, weet niemand nie. Daar kon 'n hernieude woordewisseling gewees het wat tot die skietery gelei het, soos later duideliker sal blyk.

Umthlellamana het teenstrydige getuienis oor die skietery afgelê. In die rondgaande hof het hy verkeerdelik ontken dat hy 'n sekere stuk getuienis in die vooronderscek afgelê het, dog hy het verklaar dat hy voor sowel die magistraat as die regter die waarheid gepraat het. Inderdaad praat hy so bont dat dit onmoontlik is om die skietery presies te rekonstrueer.[5]

4. Dit blyk uit die verslag van landmeter Moodie en uit Umthlellamana se getuienis.
5. Hier volg Umthlellamana se getuienis oor die skietery: *Vooronderscek:* „I could see De Lange and the man who was shot. De Lange was off his horse, the horse standing by himself. I saw De Lange fire and I saw the man Ncatya run. De Lange then fired again. After the first shot, the man fell but got up again, then the second shot was fired and the third shot De Lange fired with a pistol. At the second shot the man fell but did not get up. De Lange shot him wtih the pistols on the ground." *Later:* „When De Lange fired the first shot at deceased he the deceased was standing a little in front of De Lange and a little further up the hill. I saw De Lange jump off his horse and make as if he was going to put the reim or riem into the deceased's hand, and while so doing De Lange shot him. The deceased's hand and arm appeared to be raised sufficiently to take the bridle or riem in his hand. I think the ball went through the arm of deceased's which was holding the bridle. When the deceased was struck with the ball he partly ran partly staggered — about 3 or 4 yds. — and fell, and when on the ground De Lange went up to him and shot him with the pistols on the ground." *Rondgaande hof:* „I crept along behind some stones and saw De Lange walking on and a Kafir leading the horse behind him. He was leading him out of the road. I saw a motion as if De Lange was trying to catch Ncatya round the neck with the bridle. The Kafir ran away & De Lange fired . . . When he shot the gun first the man Ncatya fell. The second shot was with the pistol in the thigh. The third with with

(sic) in the head. He was on the ground and dead when the third shot was fired." *Later:* „I pointed out the spot to Mr. Moodie where he (I) saw De Lange take the horse from Ncatya. De Lange had just jumped off his horse when he fired. He had got on his horse and ridden a few paces. Directly he took the horse from Ncatya he got on him. When De Lange tried to catch Ncatya with his bridle he was not mounted — he was on the ground. I pointed out to Mr. Moodie both the places where De Lange got on and off his horse immediately before the firing." *Later:* „As I groped from the place of snuffing to the place where I saw the murder I saw De Lange occasionally although hid from me now & then by the stones." *Later:* „There was a short interval between each shot. When De Lange fired the first shot his horse was away from him about 7 or 8 yds. . . . The Kafir never ran after he fell. After the Kafir fell De Lange went & got his horse and rode up to Ncatya and finished him . . . The distance between De Lange & Ncatya was about 25 yds. After he had reached the man he got out the pistols. The marks in the head were marks of shot. He was about three yds. off from Ncatya when he fired the pistols at him . . . With the first pistol he shot him in the thigh with the second in the head." *Krogh:* „Did you not say on a former occasion before the Magistrate here that the man rose and ran after the first shot?" *Ncatya:* „I never said it."

In die vooronderсoek het Umthlellamana getuig dat 'n geskil tussen De Lange en sy buurman, John Adendorff, oor 'n bok en 'n grenslyn die eintlike rede vir die besoek aan veldkornet Stretch die oggend van die skietery was. In die rondgaande hof het hy dit egter ten ene male ontken en verklaar dat die doel van die besoek was om Ncatya te laat straf omdat hy by De Lange se huis ingebreek het om by Annette te slaap. Waarom Umthlellamana nie deur die verdediging hieroor in kruisverhoor geneem is nie en waarom John Adendorff nie as getuie geroep is om Umthlellamana se bewerings te bevestig of te weerlê nie, is onbegryplik.

Volgens Umthlellamana het De Lange voor hul terugtog van Stretch af sy geweer aan een van die Zoeloes gegee om te dra, maar sy pistole by hom gehou; dog Stretch het verklaar dat hy daardie dag De Lange se pistole met hul houers geleen en by hom gehou het omdat hy dit nodig gehad het om 'n wetsoortreder te gaan arresteer.

Uit bogemelde is dit duidelik dat Umthlellamana, op wie se getuienis die hele aanklag gegrond was, nie as 'n baie geloofwaardige getuie beskou kan word nie. Dit is selfs moontlik dat hy doelbewus gelieg het om sy baas aan die pen te laat ry, maar daaroor later meer.

Die plan van die moordtoneel wat as bewysstuk by die rondgaande hof ingedien is, is deur landmeter George Moodie opgestel aan die hand van punte wat hoofsaaklik deur Umthlellamana aan hom uitgewys is. Aangesien Umthlellamana se getuienis verdag is, kom die plan ook onder verdenking.

(2) *Verdere teenstrydighede:* Ook van die ander getuies het hulself en mekaar weerspreek. Jacob, blykbaar 'n klonkie wat in De Lange se diens opgegroei en Hollands-Afrikaans ewe goed as Zoeloe gepraat het,[6] het in die vooronderсoek getuig dat Umthlellamana ná die eerste skoot aan hulle gesê het, „there he is shooting" en ná die tweede skoot, „there,

6. Jacob het nòg sy pa nòg sy ma geken, maar het verneem dat sy pa in Zoeloeland woon. Uit sy getuienis skemer dit deur dat De Lange hom kleintyd van sy ouers af weggevoer het, want toe hy sy verstand begin kry het, was hy ouerloos op De Lange se plaas.

there, he is killing him". In die rondgaande hof het hy egter ontken dat Umthlellamana enigiets aan hulle gesê het voordat hy hom ná die skietery by hulle aangesluit het. Bangazela het ook in die voorondersoek gesê dat Umthlellamana ná die eerste skoot hulle meegedeel het: „there, he is shooting at him," maar in die rondgaande hof het hy nie 'n woord daarvan gerep nie. Umthlellamana het in die rondgaande hof ontken dat hy tydens die skietery enigiets aan sy makkers gesê het. Volgens die plan van Moodie kon hy ook nie, tensy hy baie hard geskree het en dan sou De Lange hom gehoor het, want hy was minstens 200 tree van sy makkers af.

Jacob lewer in die voorondersoek uitvoerige getuienis oor 'n verhouding tussen De Lange en die Nie-Blanke meisie Annette.[7] Volgens hom was Annette en 'n ouer Hottentotvrou, Mietjie, De Lange se vroue; altans, hy het hulle as sodanig behandel, het hy getuig. Jacob het ook uitvoerig vertel hoe De Lange eendag vir Mietjie en sy eie Blanke vrou wreedaardig met 'n sambok geslaan het om aan hom te sê wie by sy huis ingebreek het om by Annette te slaap. Lang stukke van die getuienis is later deur regter Lushington Phillips in die rondgaande hof deurgehaal. Dit bring al Jacob se getuienis onder verdenking.[8]

Die indruk word verkry dat Jacob 'n oorlamse en nuuskierige klonkie was. Hy het in die huis geslaap en vanselfsprekend meer van De Lange se huislike omstandighede te wete gekom as die volwasse werkvolk. Dit sou nie onnatuurlik gewees het as die jong knaap die ouer manne probeer beïndruk het deur voor te gee dat Annette hul baas se bywyf was nie. Sy getuienis staan teenoor dié van Mietjie, wat hom dikwels met die sambok gelooi het. Sy het pertinent verklaar: „I never heard or saw that the prisoner went to sleep . . . with Annette." Volgens haar het De Lange hulle met die sambok geslaan omdat hy dronk was.

As daar 'n verhouding tussen Annette en De Lange was, sou hy 'n sterk motief gehad het om Ncatya oor die inbraak te straf. Die regter het dit blykbaar nie so ingesien nie, daarom het hy Jacob se getuienis verwerp, hoewel nie ten volle nie. Ook van die ander getuies het beweer dat Annette hul baas se vrou was, maar hulle kan Jacob nagepraat het. Die sogenaamde verhouding is glad nie uitgepluis nie. Nòg Annette nòg De Lange se Blanke vrou het getuienis afgelê. Gevolglik hang die aan-

7. Sy word beurtelings deur die getuies as 'n Bantoevrou, 'n Kleurlingvrou, 'n Boesmanvrou, 'n Portugese vrou, 'n Fingo en 'n Amatonga bestempel.
8. Die regter se verwerping van gedeeltes van Jacob se getuienis dui daarop dat hy dit as ontoelaatbaar of vals beskou het. Daardeur word al Jacob se getuienis onaanvaarbaar, want met die deurhaling van stukke daarvan is die samehang versteur. As die deurgehaalde stukke as vals beskou is, behoort die hof die res van sy getuienis nie sonder baie goeie korroborasie te aanvaar het nie.

tygings dat De Lange met nie-blanke vroue omgegaan het, beswadderend in die lug.[9]

Jacob het ook getuig dat hulle die oggend van die misdaad na veldkornet Stretch gegaan het „to settle another matter", en daarmee het hy bekragtig dat die doel van die besoek nie was om Ncatya oor sy inbraak te laat straf nie, maar 'n ander saak te besleg, soos Umthlellamana in die vooronderseok verklaar, maar in die rondgaande hof so sterk weerspreek het.

Die getuienis van Umthlellamana se ander makkers word nie bespreek nie omdat dit geen nuwe lig op die saak werp nie. Een van hulle, Mkosana, het glad nie getuig nie.

(3) *Omstandigheidsgetuienis:* Die omstandigheidsgetuienis teen De Lange is nie so sterk dat hy op grond daarvan aan voorbedagte moord skuldig bevind kon word nie. Hy het wel, volgens getuies, die oggend by die huis gedreig om Ncatya te skiet, maar dit impliseer nie noodwendig moordgedagtes nie. Dit is immers waar dat daar in woordewisselings maklik dreigemente val soos: „Ek sal jou nek breek!", of „Ek sal jou vrek skiet!", sonder dat die gedagte ooit daar is om die daad by die woord te voeg.

Dit kan ook nie as agterdogwekkend beskou word dat De Lange gewapen van sy huis af is nie, want dit was sy gewoonte. Buitendien is dit wel moontlik dat hy bokke wou gaan skiet, soos hy verklaar het. Daar was 'n jagveld in die omgewing van die plek waar Ncatya se lyk aangetref is. Daar is ook geen klinkklare bewys dat Ncatya beswyk het weens skote wat met De Lange se wapens op hom afgevuur is nie, want die getuienis oor die skietery is bra omstrede en boonop het dr. Otto, wat die nadoodse ondersoek behartig het, verklaar dat die wonde aan die lyk ook nadoods toegedien kon gewees het.[10]

Die feit wat op die oog af die sterkste teen De Lange tel, is dat hy onmiddellik ná die skietery geen woord daarvan aan Veldkornet Stretch gerep het nie. Hy het bloot aan Stretch gesê dat hy 'n Bantoe na hom gebring het wat by hom ingebreek het, maar dat dié op pad daarheen weggehardloop het. Sy stilswye kan beteken dat hy 'n voorbedagte moord probeer verdoesel het. Dit is egter ook moontlik dat hy die oorledene in sy drif, of in selfverdediging of per ongeluk doodgeskiet en daarna, uit vrees vir die gevolge van sy dood, daaroor geswyg het.

Die vraag of De Lange voorbedagte moord gepleeg het, vervaag in die lig van die feite. As hy die oggend al misdaad beoog het, sou hy

9. Uit dokumente wat nie aan die hof voorgelê is nie, blyk dit dat De Lange in die jare veertig 'n vrou by Mpande present gekry het—sien C.S.O. 11, deel 2: Verklaring van Assagaai, alias Umkinto, aan magistraat W. Harding, 11 Jan. 1848. Dit was waarskynlik 'n blote gebaar van goedgesindheid. Wat van die vrou geword het, is onbekend. In die jare sewentig het 'n Bantoe i.v.m. 'n ander saak getuig dat hy Hendric de Lange, die seun van Hans de Lange by 'n Bantoevrou is — sien S.N.A. 1/1/24, 1874: Beëdigde verklaring van Hendric de Lange aan magistraat W. P. Jackson, 18 Okt. 1874. In daardie jare het daar reeds 'n legende rondom die naam van De Lange in Zoeloeland ontstaan en dit kon moontlik tot verdigsels onder die Zoeloes gelei het.

10. Daar moet op gewys word dat dr. Otto die nadoodse ondersoek nege dae ná die skietery uitgevoer het toe die lyk al erg ontbind was.

tog nie vyf moontlike getuies saamgeneem het nie; as hy die daad later doelbewus gepleeg het, sou hy dit tog nie binne hoorafstand van getuies gedoen het nie. Boonop het nie een van die Bantoes 'n woord van die skietery teenoor Stretch gerep toe hulle hom onmiddellik daarna in De Lange se teenwoordigheid besoek het nie. Hul verskoning in die hof was dat hulle bang was vir De Lange, daarom het hulle hom nie dadelik by Stretch aangekla nie. Dit gaan egter nie op nie, want volgens hul eie getuienis het hulle De Lange onmiddellik ná die skietery, en terwyl hulle saam met hom op pad was na Stretch, van moord op Ncatya beskuldig, en het hy dit ontken. Dit is tog onsinnig dat hulle alleen in die veld saam met De Lange dapper genoeg was om hom van moord te beskuldig, maar bang was om dit in die teenwoordigheid van die gereg te doen.

Hul stilswye laat die vraag ontstaan of hulle nie dalk die misdaad, of die koelbloedigheid daarvan, versin het nie. Hulle kon 'n skietery wat per ongeluk, in drif, of in selfverdediging plaasgevind het, aangedik het om De Lange aan die pen te laat ry, soos hieronder verduidelik word.

(4) *Moontlike sameswering:* De Lange, 'n groot en sterk man, het in 'n harde skool grootgeword en in sy 60-jarige leeftyd meermale in gewapende botsings met Nie-Blankes beland. As daar in ag geneem word dat hy, benewens die botsings van die jare dertig op die Kaapse Oosgrens, ook die moorde in Natal belewe en aan die strafekspedisies teen die Zoeloes deelgeneem het, is dit te begrype dat hy geneig kon gewees het om hardvogtig teenoor die swartman op te tree. Dit is dan ook die beeld wat van hom uit die hofstukke en ander dokumente spreek. Getuienis is in die hof gelewer dat hy nie geaarsel het om sy sambok op sy werkvolk te gebruik nie[11] en dat hulle bang was vir hom. Umthlellamana het De Lange in die rondgaande hof as 'n verskriklike man bestempel.

De Lange se hardvogtigheid teenoor die swartman spreek ook uit dokumente wat nie by die hof ingedien is nie en wat sedert die jare veertig dateer.[12] Dié beeld strook met dié wat voorgehou is deur die jurie wat De Lange skuldig bevind het.[13] De Lange se werkvolk kon hom nie net gevrees het nie, maar ook gehaat het en daarom nie geskroom het om hom aan die pen te laat ry wanneer hulle die kans sou kry nie. De Lange se rusie met Ncatya en die daaropvolgende skietery het aan hulle so 'n kans gebied.

11. Volgens Jacob en Mietjie het De Lange sy sieklike blanke vrou kort voor die skietery met 'n sambok bygedam en haar ook geniepsig daarmee deur die gesig geslaan.
12. Vgl. C.S.O. 11, deel 1: Beëdigde verklaring van Dabankulu aan Theophilus Shepstone, 4 Junie 1847; C.S.O. 2295, Letter-book: D. Moodie aan W. Walker, 20 Okt. 1847; C.S.O. 11, deel 1: A. Walker aan D. Moodie, 26 Okt. 1847; C.S.O. 11, deel 2: Verklaring van Umbokwana aan Theophilus Shepstone, 1 Des. 1947; C.S.O. 11, deel 2: Verklaring van Assagaai, alias Umkinto, aan W. Harding, 11 Jan. 1848; C.S.O. 40: J. Boshof aan D. Moodie, 16 Nov. 1847; C.S.O. 49, deel 2: James Howell aan T. Shepstone, 15 Okt. 1849; C.S.O. 126, Letters: G. A. Lucas aan Kol. Sekr., 22 Okt. 1860.
13. Sien pp. 13 en 14 hieronder.

So beskou, is dit te verstane waarom hulle De Lange nie onmiddellik ná die skietery van moord by Stretch aangekla het nie: eenvoudig omdat hulle in daardie stadium nie geweet het wat van Ncatya geword het nie, of bloot 'n vermoede gehad het wat hom oorgekom het en waarom. Umthlellamana se verklaring oor die koelbloedigheid van die misdaad kon 'n versindsel gewees het, en so ook syne en die ander getuies s'n, dat hulle De Lange op pad na Stretch van moord beskuldig het. Slegs De Lange kon hulle weerspreek het en hy het geweier om 'n verklaring af te lê. Hulle kon met dié versinsels voor die dag gekom het nadat hulle eers 'n paar dae oor die saak gekoukus het. Dit sou verklaar waarom hulle eers op die derde dag ná die moord, in 'n stadium toe daar al oral na Ncatya gesoek is, die nuus aan Ncatya se pa en aan Stretch bekend gemaak en De Lange aangekla het.

(5) *Ongewild by owerheid:* Daar is rede om te glo dat De Lange se rol van byna 'n kwarteeu in Natal en Zoeloeland hom sterk in onguns by die Britse owerheid laat kom het.[14] De Lange was diep betrokke in die Kliprivierse opstand van 1847 teen die Britse gesag en om daardie enkele rede sou hy al 'n gebrandmerkte gewees het. Hy was egter om 'n nog belangriker rede in ongus. Die Britse owerheid het naamlik geglo dat hy en sy makkers hulle nie alleen van die Britse gesag wou afsonder nie, maar met Mpande saamgespan het om die Engelse die see in te jaag.[15] Ná De Lange se skuldigbevinding was daar weer 'n gerug het Mpande 'n impie sou stuur om te verhinder dat hy tereggestel word.[16]

De Lange se hardvogtigheid teenoor die Zoeloes sou ook teen hom getel het, en in 1860 het magistraat Lucas juis sy naam uitgesonder in 'n berig dat die Boere van Buffelsrivier die Zoeloes onderdruk het.[17]

Die onguns waarin De Lange hom bevind het, was bes moontlik die hoofrede waarom die Britse owerheid hom nie wou begenadig nie. Dít was indertyd die oortuiging van minstens een invloedryke inwoner van die Kliprivierse distrik, naamlik J. I. Gregory, lid van Natal se Wetgewende Raad. Hy het een Sondagaand ná De Lange se veroordeling 'n beroep op die kerkgangers in die Boerekerk op Ladysmith gedoen om soos een man na Pietermaritzburg te gaan om op politieke gronde op 'n wysiging in De Lange se vonnis aan te dring. Hy het privaat aan magistraat Lucas gesê „that the Lieutenant Governor had determined upon hanging de Lange on prejudice, and because he de Lange was 'n dutchman"..[18]

Dit sal verkeerd wees om Gregory se siening voetstoots te aanvaar,

14. Pace beweer dat daar geen bewyse is dat De Lange hom die onmin van die Britse regering op die hals gehaal het nie en dat sodanige bewerings gegrond is op die hoorsê-getuienis van mense wat lank al dood is.
15. G.H. 1321: M. West aan Kaapse Goewerneur, 28 Junie 1847; E.C., Minutes of Meetings, 1846-7: Notule van 24 Des. 1847; C.S.O. 11, deel 2. Verklaring van Tulwana, 10 Junie 1847.
16. C.S.O. 130, Letters: Resident-magistraat G. A. Lucas aan Kol. Sekr., 22 Maart 1861.
17. C.S.O. 126, Letters: G .A. Lucas aan Kol. Sekr., 22 Okt. 1860.
18. E.C. 7, Minutes of Meetings, 1861: Notule van 20 Maart 1861.

maar dat dit meer as 'n sweem van waarheid bevat het, is wel moontlik. Sir Theophilus Shepstone het enige jare ná De Lange se teregstelling verklaar dat „the Government (thought it) to be imperatively necessary that the law should take its course" en daarom is die vonnis voltrek.[19]

Daar kon meer as een rede gewees het waarom die voltrekking van die vonnis so gebiedend noodsaaklik beskou is: (i) 'n histories gegronde gebrek aan simpatie by die owerheid jeens De Lange en 'n daaruit spruitende gebeerte om hom te straf vir sy gedane sondes; (ii) om op dramatiese wyse aan die weerbarstige Kliprivierse Boere en aan die Zoeloes te toon wie baas is in die land; (iii) om aan die Zoeloes te bewys dat Haar Majesteit se wette ewe streng op die witman as op die swartman toegepas word. Dat laasgenoemde juis die indruk is wat die teregstelling van De Lange by die Zoeloes geskep het, word bewys deur 'n soort legende oor die drama wat onder die Zoeloes ontstaan en deur Shepstone opgeteken is.[20] Shepstone skryf daaroor: „. . . great interest was felt by all the natives in the Colony as to whether the Government would really venture to carry out so extreme a sentence on a person they looked upon as so important and influential".[21]

Die owerheid het dus miskien vanweë sy gesindheid jeens De Lange, en nie vanweë laasgenoemde se graad van skuldigheid aan moord nie, besluit om hom tereg te stel. Die oogmerk kon gewees het om hom as voorbeeld te gebruik om Boer en Bantoe te beïndruk: om die Boere te beteuel en die Bantoe se guns te werf. Die argument van die jurie in die pleidooi om begenadiging, naamlik dat De Lange een van enkeles was wat dit nie as 'n misdaad beskou het om 'n swartman dood te skiet wat hom aan wangedrag skuldig gemaak het nie, het bes moontlik presies die teenoorgestelde uitwerking op die owerheid gehad as wat die jurie beoog het, en daarom is die teregstelling gelas. Die feit dat die galgtou met die eerste probeerslag gebreek het, het die drama in 'n atmosfeer gehul wat sterk aan dié van Slagtersnek herinner.

(6) *De Lange se Advokaat*: Die rede waarom De Lange geweier het om 'n verklaring af te lê, is waarskynlik omdat 'n beskuldigde volgens die destydse Britse regstelsel nie onder eed in sy eie guns kon getuig nie. Dit is eers veel later toegelaat kragtens die *Criminal Evidence Act, 1898*. Enige verklaring wat De Lange afgelê het, sou as getuienis teen hom gebruik kon word, soos dit ook duidelik aan hom gestel is.

Waarom daar egter geen getuienis deur andere aan sy kant afgelê is nie, is onbekend. Sy buurman, John Adendorff, sou kon getuig of daar 'n geskil tussen hulle oor 'n bok en 'n grenslyn was, soos beweer is. 'n Bevestiging daarvan sou sterk daarop gedui het dat 'n beslegting van daardie geskil, en nie die inbraak nie, die doel van hul besoek aan Stretch was. Dit sou Umthlellamana se teenstrydige getuienis daaroor in

19. S.N.A. 1/7/5: Memorandum van Sekr. van Bantoesake, 24 Aug. 1868.
20. *Ibid.* Sien ook S.N.A. 1/1/19: Memorandum van Sekr. van Bantoesake, 24 Aug. 1869. Die legende handel oor 'n wit kraai wat 'n swart kraai doodgemaak het en daarom, en ten spyte van vertoë om begenadiging, deur die owerheid doodgemaak is.
21. *Ibid.*

'n nog swakker lig gestel het en sou die moontlikheid van voorbedagte moord laat vervaag het.

Miskien moet die gebrek aan getuienis aan De Lange se kant aan sy houding toegeskryf word. Die indruk wat van die swygsame grysaard verkry word, is: julle sê ek het moord gepleeg, bewys dit dan, ek sê niks. Dit strook ten volle met 'n brokkie indirekte getuienis aan De Lange se kant. Veldkornet James Rorke het byvoorbeeld in die rondgaande hof getuig dat hy ná De Lange se arrestasie, en blykbaar terwyl hy nog op pad na Ladysmith was, alleen saam met De Lange in die huis van ene Raal was. Sonder dat 'n vraag aan De Lange gestel is, het hy gesê: „I am being taken to Ladysmith for a crime I have not committed and I should like to see anyone that can prove it."

Krogh moet egter teen so 'n houding gewaak het. Dit was sy taak om elke brokkie getuienis in De Lange se guns te benut, en hy het nie. Hy het maar 'n swak vertoning in die hof gelewer, en dit is dan ook nie eienaardig nie dat die petisionarisse wat namens De Lange om begenadiging by die luitenant-goewerneur aangeklop het, aangevoer het: „Your Petitioners . . . believe that the defence adopted at the Trial of the unfortunate man was not the one really intended by him . . . had the unhappy man been otherwise defended the Jury would have returned a Verdict of Culpable Homicide instead of Murder . . ."[22]

In die rondgaande hof het Krogh vir Umthlellamana tereg daarop gewys dat sy getuienis oor die skietery nie presies ooreenstem met sy verklaring in die voorondersoek nie. Umthlellamana het ontken dat hy in die voorondersoek anders getuig het, maar die argument is nie verder gevoer nie, want die prokureur-generaal het beswaar gemaak dat Krogh die getuie kruisvra oor wat hy in die voorondersoek gesê het sonder dat verklarings in dié verband ingedien word.

Of dit 'n billike beswaar was, is te betwyfel. Volgens 'n betreklik onlangse uitspraak[23] word die hofverslag van die voorondersoek as juis aanvaar, tensy die staat dit betwis, en dan rus die onus op die staat om die verslag as onjuis te bewys. Bes moontlik het dit nie destyds gegeld nie, maar al het dit nie, kon Krogh eenvoudig magistraat Lucas laat getuig het dat die verslag van die voorondersoek wat hy afgeneem het, 'n korrekte weergawe was van wat tydens die ondersoek getuig is. As hy dit gedoen het, sou hy enige getuie na hartelus kon kruisvra oor teenstrydighede in hul getuienis voor die magistraat en die regter. Krogh het egter nagelaat om dit te doen, en hy moes hom juis daarop toegespits het om Umthlellamana se getuienis deurmekaar te krap. As hy daarin kon slaag om die enigste ooggetuie as onbetroubaar voor te stel, moes De Lange die voordeel daarvan gekry het.

(7) *Waarom skuldig?* Regter Phillips het in sy opsomming die aandag van die jurie daarop gevestig dat De Lange waarskynlik nie voorbedagte moord gepleeg het nie. Die regter het soveel waarde aan sy siening

22. C.S.O. 134, Letters: Petisie van J. I. Gregory, Lid Wet. Raad, en nog elf aan lt.-goewerneur John Scott, ongedateer.
23. *Rex vs Kupeka 1957(1) S.A. 399 (A).*

geheg dat toe hy later deur die luitenant-goewerneur om sy mening gevra is, hy pertinent verwys het na wat hy in sy opsomming aan die jurie gesê het, naamlik dat daar dalk onmiddellik voor die skietery 'n twis tussen die oorledene en De Lange kon gewees het wat laasgenoemde so kon omgekrap het „as to have given rise to the commission of the crime". Hy het ook daarop gewys dat De Lange 'n baie ou man was.[24]

Dit was onteenseglik 'n wegwyser aan die jurie dat De Lange begunstig behoort te word, en die feit dat hy ten spyte daarvan met 'n meerderheid van agt teen een skuldig bevind is, is opvallend. Dit raak nog opvallender teen die agtergrond van magistraat Lucas se verslae. Hy het by herhaling gewys op 'n algemene gevoel van simpatie jeens De Lange in die distrik, op gevaar dat hy bevry sou word, op openlike praatjies dat 'n jurie van sy eie mense hom onskuldig sou bevind, ongeag die getuienis, en op die onmoontlikheid om 'n onpartydige jurie saamgestel te kry. Dit was op grond hiervan dat Lucas die aangeklaagde ná die voorondersoek stilletjies in die nag na Pietermaritzburg verwyder het en daarop aangedring het dat die strafsaak in Pietermaritzburg verhoor word. Daar is later teen sy sin besluit om De Lange op Ladysmith te verhoor, en op sy versoek is daar troepe na Ladysmith gestuur om die siviele mag by te staan om moontlike onrus onder die mense oor De Lange te onderdruk.[25]

As bostaande in ag geneem word, is dit billik om af te lei dat die jurie die getuienis teen De Lange as te verdoemend beskou het om hom te begunstig.[26] So eenvoudig is die saak egter nie.

Die jurie het oorwegend uit Boere bestaan, onder wie daar ongetwyfeld van De Lange se vriende of kennisse was. Hul name was: William Lazenby, I. R. M. Watson, Jakobus J. le Labuscagni, Berent Jakobus Nell, Coenraad Lucas Pieters, Adolph Krogman, Gerrit de Potgieter, Jakobus Fredk. Potgieter, Johannes Labuscagni.[27] Die meeste van hulle was waarskynlik eenvoudige Boermense vir wie die intellektueel-kliniese atmosfeer van 'n Britse hof met sy Engelse voertaal bra vreemd sou gewees het. Daarmee word nie geïmpliseer dat hulle dom en onbevoeg was nie, maar wel dat hulle nie geskool was in die kuns om argumente en stellings te ontleed en te vergelyk nie, veral nie as die voertaal Engels

24. E.C. 7, Minutes of Meetings, 1861: Notule van 20 Maart 1861.
25. Vgl. C.S.O. 127, Letter-book: G. A. Lucas aan Kol. Sekr., 21 Des. 1860; C.S.O. 128, Letters: Prok.-genl. M. H. Gallwey aan Kol. Sekr., 2 Jan. 1861, en bylae: G. A. Lucas aan Prok-genl., 29 Des. 1860; S.C. 11/1/1: Prok-genl. M. H. Gallwey se bevelskrif oor plek van verhoor, 6 Feb. 1861, en bylae: Beëdigde verklaring van G. A. Lucas, 25 Jan. 1861; C.S.O. 130, Letters: G. A. Lucas aan Kol. Sekr., 22 Feb. 1861; C.S.O. 2301, Letter-book: Kol. Sekr. D. Erskine aan Kommandant Fort Napier, 7 Maart 1861; E.C. 7, Minutes of Meetings: Notule van 20 Maart 1861; C.S.O. 2301, Letter-book: D. Erskine aan Kommandant Fort Napier, 20 Maart 1861.
26. Pace sê die uitspraak van die jurie laat by hom geen twyfel oor De Lange se skuld aan moord nie. Hy sê: „The evidence must have been so overwhelmingly damning that the jury . . . had no doubt returning a verdict of guilty."
27. Die name word hier presies weergegee soos dit voorkom in S.C. 11/1/1: Kort verslag van M. Osborn, Griffier van Rondgaande Hof, Dist. Kliprivier, 22 Feb. 1861.

was nie. As daar aanvaar word dat hulle ten volle bevoeg was om die positiewe en negatiewe in 'n saak na waarde te skat en tot 'n nugtere bevinding te geraak, moet daarop gewys word dat die negatiewe in die saak oorbelig is ten koste van die positiewe en daarom is De Lange skuldig bevind.

Die jurie het een stel getuienis aangehoor, dié in die rondgaande hof. Die mate waarin dit in stryd was met dié in die voorondersoek is nie aan hulle blootgelê nie en gevolglik het hulle geen rede gehad om die getuienis in twyfel te trek nie. Die teenstrydighede in die getuienis in die rondgaande hof is ook nie uitgelig en beredeneer nie, en as daardie teenstrydighede die aandag van die regter en van Krogh ontglip het, kon dit die jurie ook ontglip het.

Die getuienis in die rondgaande hof kon nie anders as om verdoemend teen De Lange te wees nie, want daar is net namens die staat getuig. Geen teenbeeld of verklaring van wat moontlik kon gebeur het en wat 'n skuldigbevinding aan moord kon uitgeskakel het, is aan die jurie voorgehou nie, behalwe in soverre as wat die regter in sy opsomming aan die jurie so 'n moontlikheid geopper het.

In watter mate die regter sy opmerking omskryf het, indien wel, is nie bekend nie. Afsonderlike lede van die jurie sou in hierdie stadium in eie hart reeds tot 'n bevinding, of baie na daaraan, gekom het op grond van die negatiewe beeld wat aan hulle voorgehou is. Daarom moes die opmerking van die regter vir hulle bra vreemd voorgekom het, want dit was op geen beredeneerde punt gegrond nie. Daarbenewens is dit ook moontlik dat sommige jurielede die Engels van die regter nie mooi gesnap het nie. As hy teenoor die jurie dieselfde moeilike woorde gebesig het as waarin sy verduideliking in die notule van die Uitvoerende Raad opgeteken staan, kan wanbegrip of onbegrip daarvan nie uitgeskakel word nie. In die notule staan dat die regter in sy opsomming aan die jurie „brought to their notice as worthy of consideration that a reiteration of the alteration which occurred before leaving the house may have taken place between the prisoner and the deceased on their way to Field Cornet Stretch, and have so irritated the feelings of the prisoner as to have given rise to the commission of the crime."[28]

Dit is moontlik dat die regter eenvoudiger taal teenoor die jurie gebesig het, of sy opsomming laat vertaal het, want daar was 'n tolk in die hof; dog 'n tolk sou goed moet gewees het om die korrekte betekenis van daardie woorde onmiddellik in die Afrikaans-Nederlands van destyds weer te gee.[29]

Daar moet voorts in gedagte gehou word dat daar vooraf in losse praatjies voorspel is dat Kliprivier se jurie De Lange onskuldig sou bevind, ongeag die getuienis. Dat daardie losse praatjies ook die ore

28. E.C. 7, Minutes of Meetings, 1861: Notule van 6 Maart 1861.
29. Skrywer het die regter se woorde, na 'n verduideliking van die omstandighede, aan 'n hele paar mense voorgelees en nie een kon dadelik 'n korrekte weergawe daarvan in Afrikaans verstrek nie. Skrywer self moes 'n woordeboek gebruik voordat hy die betekenis ten volle gesnap het.

van minstens sommige jurielede bereik het, is nie onwaarskynlik nie. By 'n jurie wat enigsins sy sout werd is, sal so iets presies die teenoorgestelde uitwerking hê, naamlik om te waak teen enige sweem van partydigheid. Dit kan selfs daartoe lei dat so 'n jurie skuld sal bevind waar skuld nie onteenseglik aanwesig is nie, veral as daar 'n sterk moontlikheid bestaan dat die veroordeelde tog nog begunstig kan word, en so 'n moontlikheid het in die geval van De Lange bestaan weens sy ouderdom, sy onkunde oor moord op 'n swartman en die feit dat geen blanke in Natal tevore weens moord op 'n swartman tereggestel is nie.

Die jurie het dus sterk grond gehad om te glo dat, al sou hulle De Lange skuldig bevind, hy begenadig sou word. Dat hulle die hoop gekoester het, blyk uit hul pleidooi: „We recommend him to mercy on account of his *extreme ignorance,* and his *degeneracy.* He is one, fortunately of a very few who consider it no Crime to shoot a Caffir who misbehaves himself."[30] Dié pleidooi impliseer twyfel by die jurie oor die skuldigbevinding, veral as dit beskou word in die lig van hul moontlike redes óm hom skuldig te bevind en tóg nog van die galg te red. Hulle het dit seer sekerlik nie besef dat die motivering van hul pleidooi presies die teenoorgestelde uitwerking op die Britse owerheid sou kon hê as wat hulle beoog het nie.[31] Die vraag kan wel gevra word of die jurie De Lange skuldig aan moord sou bevind het as hulle geweet het dat hy nie begenadig sou word nie.

Daar kan drie afleidings uit die byna eenparige skuldigbevinding gemaak word:

(1) Dat die jurie die getuienis as so verdoemend beskou het dat daar by hulle geen twyfel aan skuld was nie, maar dat hulle uit blote menslikheid 'n pleidooi om begenadiging gelewer het.

(2) Dat die jurie tog twyfel aan De Lange se skuld gehad het, vandaar die pleidooi om begenadiging.

(3) Dat die jurie De Lange met bybedoelinge, en in die geloof dat hy tog die galg sal vryspring, skuldig bevind het.

Om watter redes hy ook al skuldig bevind is, feit is dat 'n negatiewe beeld van die misdaad aan die jurie voorgehou is. In die lig van die teenstrydighede en twyfel in die saak, veral sover dit die enigste ooggetuie geld, en die opsommende opmerking van die regter, kan daar net tot een gevolgtrekking gekom word: daar is nie en daar kan nie bewys word dat voorbedagte moord gepleeg is nie.

Johannes Hendrik de Lange was hoogstens skuldig aan strafbare manslag en het die doodstraf nie verdien nie.

A. van Wyk.
Universiteit Durban-Westville.

30. C.S.O. 130, Letters: Nota van voorman van jurie aan regter, bylae by regter L. Phillips aan Kol. Sekr. D. Erskine, 28 Feb. 1861. Die kursiewe woorde kom so in die nota voor. Die *Oxford Dictionary* se uitleg van „degenerate" is: „Having lost good qualities proper to the kind." In De Lange se geval beteken dit dat hy die goeie eienskappe van die mens verloor het, geestelik en liggaamlik. Kortweg, hy was kinds. Deur „degeneracy" as „ontaarding" te vertaal, soos dit in die meeste Engels-Afrikaanse woordeboeke voorkom, skep in De Lange se geval die indruk dat hy barbaars geraak het, en dit kan ietwat skeef wees.

31. Sien p. 9 hierbo.